**Tabak-wetgewing hier en elders**

Het jy geweet dat enige instansie of werksplek in Suid-Afrika die wetlike reg het om rook op hul perseel te verbied?

Ingevolge Regulasies by die Wet op die Beheer van Tabakprodukte 83 van 1993 wat in *Goewermentskennisgewing* R975 van 2000 gepubliseer is en wat verband hou met die rook van tabakprodukte in openbare plekke, is dit inderdaad die geval. As sulks, is die besluit van die Fakulteit van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe om die Tygerberg-kampus vanaf 1 Januarie 2019 'n 100% rook- en tabakvrye sone te maak heeltemal binne ons regte.

Ons het hierdie besluit in die belang van die gesondheid van almal op kampus geneem. Navorsing toon dat toegewysde rook-areas nie voldoende daarin slaag om skade wat deur tweedehandse rook veroorsaak word, te verhinder nie. Dit is ook 'n bekende feit dat blootstelling aan tabakrook onder meer sterftes, siekte en ongeskiktheid veroorsaak, wat die rede is waarom daar wêreldwyd van toegewysde rook-areas wegbeweeg word.

Volgens die Wet moet enige werkgewer, eienaar, lisensiehouer, huurder of persoon in beheer van 'n openbare perseel verseker dat:

- Werknemers wat nie in die werkplek aan sigaretrook blootgestel wil word nie, beskerm word.
- Werknemers toegelaat word om beswaar aan te teken teen tabakrook in die werksplek sonder dat daar enigsins teen hulle gediskrimineer word.

Verder is dit ook belangrik dat enige werkgewer, eienaar, lisensiehouer, huurder of persoon in beheer van 'n openbare perseel by magte is om rook op daardie perseel ten volle te verbied.

Die Universiteit Stellenbosch (US) is daarom by magte om rook op die Tygerberg-kampus totaal te verbied. As werkgewer, is die Universiteit ook onder geen verpligting om "rooktyd" aan rokers toe te staan nie. Die Universiteit hoef ook nie toegewysde rookareas beskikbaar te stel nie.

**Strenger wetgewing vir Suid Afrika op pad**

Indien Suid-Afrika se nuwe voorgestelde Wet op Tabakbeheer en Elektroniese Leweringstelsels in werking sou tree, gaan alle Suid-Afrikaanse rokers dit binnekort moeilik vind om openbare plekke te vind waar rook toelaatbaar is.

Volgens die Wet, wat goedgekeur is deur die Kabinet van die Republiek van Suid-Afrika en in 2018 vir openbare kommentaar gepubliseer is, sal rokers nie toegelaat word om in enige openbare buite-areas te rook nie. Dit sluit rookareas in die volgende plekke in: restaurante, werkspersele, private motors (as daar meer as een persoon binne-in is), die gemeenskaplike areas van woonstelblokke en meenthuiskomplekse, of enige plek waar kinders onderrig ontvang of versorg word.

Die Wetsontwerp skakel by ander wêreldwye aanbevelings oor tabakbeheer in, en maak ook voorsiening vir die doeltreffende regulering van nuwe tabakprodukte (bv. e-sigarette). Hierdie en ander nuwe tabakprodukte word nie genoegsaam deur Suid-Afrika se huidige tabakbeheer-wetgewing gedek nie. Hierdie wetgewing is oorspronklik opgestel om die gebruik van sigarette en ander tradisionele tabakprodukte te reguleer.

Die FGGW se nuwe Rook-en Tabakvrye Kampus-regulasies skakel daarom ook in by waarheen die land as 'n geheel oppad is in terme van wetgewing met betrekking tot toegewysde rookareas en ontwikkelende tabakprodukte.

**Het jy hulp nodig om op te hou rook?**
Ons wil graag help. Besoek Kampusgesondheidsdienste (Tygerberg-kampus) vir 'n assessering, berading en toegang tot hulpmiddels, insluitende medikasie en/of nikotienvervangingsterapie. Kampusgesondheidsdienste is op die tweede vloer van die Tygerberg-studentesentrum. Skakel gerus +27 21 938 9590 om 'n afspraak te maak. Kom ons doen dit saam. Kom ons wees tabak-vry!